# 20 *Sondag*

**SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 18:1-4, 24-28**

**Akwila en Priscilla – Vrymoedig om ervare gelowiges nog iets van die Here te leer**

In Korinte ontmoet Paulus die egpaar Akwila (arend) en Priscilla (eerwaardig). Hulle het uit Italië gevlug. Hulle was Jode wat in Jesus geglo het én hulle was tentmakers. Akwila en Priscilla was die nuwelinge in die dorp, maar húlle nooi Paulus om by hulle te kom bly. Saam maak hulle tente en verkondig dat Jesus die Messias is!

Paulus, Akwilla en Priscilla reis verder en bedien die evangelie in Efese. In Efese het daar ’n gelowige Joodse Christen aangekom, Apollos. Apollos het deeglike kennis van Bybel gehad. Hy was boonop ’n begaafde spreker en hy het in die sinagoge vir die Jode gaan preek! Tog was daar steeds dinge wat Apollos verder moes leer, soos die leer oor die doop. Hy moes nog die volle waarheid leer oor die doop in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees.

Wie moet dit vir die begaafde Apollos leer? Die Here gebruik medegelowiges. Die gelowige tentmakers Priscilla en Akwila nooi Apollos na hulle huis toe. Hulle ontvang Apollos soos ’n familielid. Met liefde, vrymoedigheid en openhartigheid het hulle Apollos verder geleer! Liefde wek liefde!

Hoe hanteer jy gewoonlik die situasie as jy weet iemand kan nog iets leer? Stilbly of iets doen? Die groot ding is hoe jy iets vir die persoon gaan oordra en leer. Is ’n kortaf sms, ’n “wise” e-pos of ’n bombastiese oproep die antwoord?

Toe ek ’n jong predikantjie was, het wyle oom Rassie van Ventersburggemeente ons plaas toe genooi om “advies te vra”. Ons het saam geëet en “geboer”. Oom Rassie het dit toe reggekry om aan my advies te gee!

Dink saam met die Heilige Gees oor hoe jy ’n medegelowige nog iets van die Here kan leer.

*Sing: Psalm 131:1*

*Ds. Joop van Schaik (Randburg)*